**Weiering van humanitêre hulp aan asielsoekers nadelig vir internasionale vlugtelingbeskerming**

**Callixte Kavuro***

Die herdenking van Wêreldhumanitêre dag op 19 August bied aan ons die gulde geleentheid om na te dink oor die beginsel van die beskerming van internasionale vlugtelinge soos van toepassing op asielsoekers. Hierdie beginsel is gegrond op die idee dat ’n humanitêre benadering nodig is om die sosio-ekonomiese probleme wat met vlugtelinge verband hou, op te los. Mense wat van burgeroorlog, algemene geweld, politieke vervolging of flagrante skendings van menseregte probeer ontsnap, het die grootste behoefte aan humanitêre hulp wanneer hulle by ’n veilige plek aankom.

Hoewel ons op asielsoekers fokus, is ons bewus daarvan dat individue hulself in ’n humanitêre krisis mag bevind weens brandstigting, droogte, vloede en ander gebeure buite hul beheer soos ekonomiese swaarkry wat deur die COVID-19-pandemie veroorsaak is.

Namate die wêreld deur die uitwerking van COVID-19 op mense se welstand geraak word, kan ons nie oor ’n humanitêre benadering tot die beskerming van asielsoekers nadink sonder dat ons die uitwerking van COVID-19 op hul beskerming oorweeg nie.

Dit is binne hierdie begripsraamwerk van die COVID-19-humanitêre krisis dat die Verenigde Nasies (VN) se strategiese prioriteite vir die Globale Humanitêre Reaksieplan vir COVID-19 die doelwit insluit om vlugtelinge, mense wat binnelands misplaas is, migrante en gasheergemeenskappe wat veral kwesbaar is vir die pandemie, te beskerm, te help en voorspraak vir hulle te doen.

In Suid-Afrika is asielsoekers die mense wat die kwesbaarste is vir die sosio-ekonomiese uitwerking van die pandemie, aangesien die huidige sosio-ekonomiese wetgewing hulle nie as individue beskou wat by sosio-ekonomiese beskerming moet baat nie. In ooreenstemming met hierdie sosio-ekonomiese wette, is asielsoekers nie ingesluit by die groep begunstigdes wat COVID-19-humanitêre en ekonomiese hulppakkette ontvang het nie.

Hul uitsluiting van humanitêre, maatskaplike en ekonomiese beskerming word geregverdig op grond daarvan dat baie ekonomiese migrante wie se verblyf in die land deur die “asielbestuurstelsel” geregulariseer word, by sulke beskerming sal baat. Dit is so dat die asielbestuurstelsel maklik toeganklik is vir ekonomiese migrante en hierdie probleem word al vir twee dekades lank nie aangespreek nie.

Ekonomiese migrante is nie welkom in die land nie, aangesien hulle nie aan die vereiste van die immigrasiewet voldoen om selfversorgend en ekonomies onafhanklik te wees nie. Aan die ander kant word asielsoekers wat geen ander heenkome het nie, in die land op humanitêre gronde verwelkom.

Swakplekke in die asielbestuurstelsel kan toegeskryf word aan die feit dat Suid-Afrika van 2008 tot 2012 die meeste aansoeke van nuwe asielsoekers wêreldwyd ontvang het. Daar is in hierdie tyd 800 000 nuwe asielaansoeke – meestal Zimbabwiërs – geregistreer. Tussen 2010 en 2019 was Suid-Afrika die vierde belangrikste bestemming in die wêreld, naas Duitsland, die VSA en Frankryk. Teen 2019 was daar 188 296 “gedokumenteerde” asielsoekers en 89 285 wat amptelik as vlugtelinge erken is.

Die departement van Binnelandse Sake hou vol dat 90% van die asielsoekers ekonomiese migrante is wat nie internasionale vlugtelingbeskerming verdien nie. Dit voer altyd hierdie betoog aan om die rede waarom asielsoekers van humanitêre beskerming uitgesluit word, te regverdig. In teenstelling

met hierdie betoog, was die regering geensins van voorneme om asielsoekers se humanitêre regte te beskerm nie. Hierdie siening word ondersteun deur die feit dat beide die Regulasies van die Wet op Vlugtelinge van 2000 en die Regulasies van die Wet op Vlugtelinge van 2018 nie toelaat dat asielsoekers toegang tot lewensbelangrike dienste het nie, tensy hulle amptelik as ware vlugtelinge erken word.

Daarom kan asielsoekers nie toegang kry nie tot humanitêre hulp in die vorm van maatskaplike hulp (of maatskaplike toelaes) en Maatskaplike Hulp- en Noodtoelaes (of COVID-19-werkloosheidshulp) wat ontwerp is om die kwesbaarste mense te help om kos op die tafel te sit.

Bloot op grond van die aard daarvan, dek humanitêre hulp ’n aantal aspekte van sosio-ekonomiese regte en voordele. Volgens die VN se Hoë Kommissaris vir Vlugtelinge (UNHCR), die VN se Vlugtelingagentskap, moet humanitêre hulp op só ’n manier gedefinieer word dat asielsoekers wat geen heenkome het nie, “al die nodige ondersteuning gegee moet word om die basiese lewensnoodsaaklike middele soos voedsel, klere en basiese verblyf regdeur die asielproses te dek totdat ’n finale besluit oor hul aansoek geneem is.”

In Suid-Afrika word asielsoekers nie van basiese lewensnoodsaaklikhede soos skuiling, voedselpakkies en klere voorsien nie. Hulle bly haweloos totdat hulle hul eie verblyf kan bekostig.

Politici glo dat Suid-Afrika as die grootste ekonomie in die Sadek-gebied en op die vasteland van Afrika, baie ekonomiese migrante lok wat die asielbestuurstelsel as ’n toegangspunt gebruik. Hulle redeneer verder dat die verskaffing van humanitêre hulp moontlik meer ekonomiese migrante kan lok. Hulle beskou ’n groot toestroming van ekonomiese migrante as ’n bedreiging vir die nasionale ekonomie en landsveiligheid.

Dus word die weiering van humanitêre hulp, gekoppel aan die uitsluiting by sosio-ekonomiese programme, as ’n meganisme beskou om die vloei van ekonomiese migrante te stuit. Die vlugtelingregime is herhaaldelik aangepas in ’n poging om te verhoed dat asielsoekers toegang tot nasionale hulpbronne en geleenthede kry.

Dit is egter uiters noodsaaklik om daarop te let dat die vlugtelingprobleem nie opsigself ’n nasionale probleem is nie.

Beide asielsoekers en vlugtelinge geniet in beginsel internasionale vlugtelingbeskerming wat deur internasionale samewerking aangewend of toegepas moet word.

Die internasionale vlugtelingwet stel dit duidelik dat die verwelkoming van en hulp aan asielsoekers nie as ’n “las” of “onvriendelike daad” beskou moet word nie. Dit moet eerder ’n “vreedsame en humanitêre daad” wees wat deur die internasionale gemeenskap erken en deur internasionale samewerking verlig moet word.

Die 1969 Konvensie vir die Regulering van die Spesifieke Aspekte van Vlugtelingprobleme in Afrika (die 1969 Afrika-vlugtelingkonvensie) van die Afrika-unie maak daarvoor voorsiening dat ’n land wat gasheer speel vir vlugtelinge/asielsoekers deur die AU om hulp by ander AU-lede kan aanklop. Dit kan gebeur in situasies waar sodanige land dit moeilik vind om voort te gaan om doeltreffende internasionale vlugtelingbeskerming aan vlugtelinge/asielsoekers te bied. Ander lande word deur die gees van Afrika-solidariteit en internasionale samewerking verplig om gepaste maatreëls in te stel om die las van die beskerming van vlugtelinge en asielsoekers te verlig.

Aan die anderkant wys die Vlugtelingkonvensie van 1951 net kommer daarop dat die beskerming van vlugtelinge en asielsoekers inderdaad ten onregte ’n swaar las op sekere lande kan plaas en dat dit aangespreek kan word deur internasionale samewerking. Ingevolge die Konvensie van 1951 kan

hierdie internasionale samewerking deur die VN bereik word en kan dit deur die UNHCR gekoördineer en oorsien word.

Internasionale samewerking weerspreek die redenasie dat die humanitêre beskerming van asielsoekers tot die uitputting van Suid-Afrika se nasionale hulpbronne sal lei.

Weens die gebrek aan lewensbelangrike ondersteuning en beskerming wat hulle kan help om by die gasheergemeenskappe in te skakel of kos op hul tafel te sit, lewe asielsoekers in haglike toestande wat deur die staat van nasionale inperking en hul uitsluiting van COVID-19-ekonomiese hulppakkette vererger is.

Dit het ook aansienlike uitwerking op hul welstand, gesondheid en waardigheid gehad.

Terwyl ons Wêreldhumanitêre dag vier, moet ons in gedagte hou dat baie asielsoekers in die land gemarginaliseer en van bakboord na stuurboord gestuur word.

Suid-Afrika behoort sy asielbestuurstelsel te hersien om te verseker dat dit slegs toeganklik is vir "ware" asielsoekers en dat hulle humanitêre hulp en beskerming ontvang.

Die regering moet onthou dat wanneer asielsoekers in die land verwelkom word, hulle in 'n noodsituasie is wat humanitêre hulp, insluitende mediese sorg, voedsel, klere, skuiling en ander basiese lewensnoodsaaklikheide, vereis. Hulle behoort nie aan hul eie lot oorgelaat te word nie.

***Dr Callixte Kavuro is 'n postdoktorale genoot in die departement Publiekreg aan die Universiteit Stellenbosch.**